

# RPO WES-KAAP
# RPO WESTERN CAPE
## NUUSBRIEF FEBRUARIE 2023

## Geagte Lid

Die RPOWK Bestuur gee graag terugvoer na die laaste vergadering in Februarie 2023. Ons is trots om aan te kondig dat ons Voorsitter, Nico Uys, as Dagbestuurslid van die Nasionale RPO se Uitvoerende Raad gekoöpteer is.

Posbus 227, Paarl, 7620
Markstraat 11, Paarl, 7646
Tel: (021) 860-3800
rpoweskaap.co.za

## RPO Vrywillige Heffing:

Die Bestuur bevestig weer dat die betaling van die statutêre heffing nie lidmaatskap van die RPO tot gevolg het nie. Slegs die vrywillige heffing wat op provinsiale vlak by abattoirs en veilingspunte gehef word, verseker lidmaatskap van die organisasie. Die heffing van 0,15% op omset verhandel, word vir organisatoriese funksies aangewend. Daar word jaarliks by die Jaarvergadering oor die inkomste en uitgawes van die heffings verslag gedoen. Produsente word dus versoek dat om met die abattoir of veilingspunt waar hulle diere gelewer word, ooreen te kom dat die vrywillige heffing afgetrek en aan RPOWK oorbetaal word.



**Die volgende belangrike funksies word deur die vrywillige heffing in die belang van rooivleisprodusente verrig:**

- Administratiewe bestuur van die nasionale en provinsiale kantore.
- Radio en TV onderhoude.
- Verbruikersopleiding.
- Skakeling met produsente deur inligtingsdae, kongresse, elektroniese boodskappe, e-posse, brosjures, webblad, die Rooivleis Tydskrif en elektroniese nuusbriewe.
- Positiewe beïnvloeding van die beleide wat betrekking het op die rooivleisbedryf.
- Skakeling met die Departement van veeartsenydienste rakende grens- en siektebeheer.
- Finansiering van relevante navorsingsprojekte.
- Bestuur van provinsiale veediefstal forums.
- Verbruikerskakeling.

## STATUTÊRE HEFFING:

Die statutêre heffing word net by abattoirs verhaal – **R13 per bees en R2,53 per kleinvee eenheid.** Die fondse word op nasionale vlak deur die RMIS (Red Meat Industry Services) bestuur en, onder andere, vir die volgende dienste aangewend: dieregesondheid; navorsing en ontwikkeling met die klem op vernuwing; naspeurbaarheid; inklusiewe groei; kwessies in die rooivleisbedryf; vleisveiligheid; handel; produksie-ontwikkeling; verbruikersake.



## DIEREGESONDHEID:

Die bestuur en veeartse herhaal die versoek dat produsente baie versigtig moet wees wanneer diere van buite die provinsie ingekoop word en dat biosekuriteitsmaatreëls streng nagekom moet word. Inentingsprogramme moet nougeset nagekom word. Elke voertuig wat diere vervoer tussen plase, provinsies en na/van abattoirs moet deeglik ontsmet word voordat ‘n volgende vrag gelaai word.

Daar word op die oomblik vertragings met die voorsiening van OBP entstowwe ervaar. Dit word op nasionale vlak aangespreek. Daar word druk uitgeoefen dat middels wat deur privaat laboratoriums vervaardig word, vinnig geregistreer kan word.

## LITS SA:

Alhoewel die LITS SA (Livestock Identification and Traceability System in South Africa) vanaf **17 Oktober 2022** vir registrasie oopgemaak het, daar nog uitdagings is om dit van die grond af te kry. Die bedryf is met DALRRD in onderhandeling om die proses te bespoedig. Die doel van die stelsel is nie om kuddebestuur op die plaas te vervang nie, maar om die beweging en naspeurbaarheid van alle diere te monitor.

## RPOWK JAARVERGADERING:

Die RPO Jaarvergadering word op 25 Mei 2023 by Delsam Farm (Riebeek-Kasteel) gehou. Die Bestuur vra dat elke landbouvereniging in ‘n vee-produserende streek twee RPO lede sal afvaardig om die vergadering by te woon. Reëlings kan met me Helena van Eeden getref word. **helena@awk.co.za**.

RPOWK gaan ook weer by NAMPO Kaap van **13 tot 16 September 2023 te Bredasdorp betrokke wees.**

## Veediefstal:

Mnr Willie Clack, Voorsitter van die Nasionale Veediefstalvoorkomingsforum, het as Voorsitter uitgetree.

## Kontak ons

U word genooi om die RPOWK webblad te besoek by **www.rpoweskaap.co.za**

Indien u enige verdere voorstelle het waaraan ons kan aandag gee, stuur dit aan

Helena van Eeden by **helena@awk.co.za**

Sterkte met u boerdery,
Groete,

RPO
RPO WES-KAAP

"Agriculture is the most healthful, most useful and most noble employment of man."

George Washington

